**Verbode immigrante uit Zimbabwe en burgerlike arrestasies.**

In die Beeld van 02/08/2007 het die hoofberig onder die opskrif "Polisie dreig boere op Zimbabwe grens".

Die kommissaris van Limpopo sê dat Messina boere nie burgerlike arrestasies mag uitvoer op onwettige immigrante nie.

1. 'n Privaat persoon kan iemand sonder 'n lasbrief in hegtenis neem wat 'n bylae 1 bedoelde misdryf in sy teenwoordigheid pleeg of poog om te pleeg of wat hy redelikerwys verdink dat hy so 'n misdryf gepleeg het.

2. Subartikel 42(3) kom daarop neer dat die eienaar wettige okkupeerder of persoon in beheer van die eiendom waarop of met betrekking waartoe daar gevind word dat iemand 'n misdryf pleeg iemand ('n privaat persoon) kan magtig om sodanige oortreder sonder 'n lasbrief in hegtenis te neem.

3. Indien verskillende boere met mekaar se wedersydse toestemming byvoorbeeld plaaspatrollies doen en mekaar gemagtig het om oortreders te arresteer wat hulle op die plase kry wat misdrywe gepleeg het word voldoen aan Artikel 42(3) van die Strafproses Wet.

4. Pleeg die oortreder nog 'n misdryf in die teenwoordigheid van die arresteerder het hy soveel meer regsgronde om die oortreder sonder 'n lasbrief te arresteer.

5. Bylae 1 misdrywe as ook onder andere:-

5.1 Inbraak by of betreding van 'n perseel, met die opset om 'n misdryf te pleeg.

5.2 Indien 'n persoon dus 'n boer se plaas betree met die doel om die grens oor te steek sonder 'n paspoort of gebruik van 'n doeanepos en dus die land onwettig binnekom voldoen sy handeling aan bylae 1.

5.3 As die boer se drade geknip word is dit saakbeskadiging wat ook onder bylae 1 val.

5.4 **Belangrik** Betreding is 'n oortreding waarvoor gevangenisstraf vir langer as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word. Dit val dus ook onder Bylae 1.

6. Dus ons boere is by magte ingevolge Artikel 42 van Wet 51 van 1977 om oortreders uit Zimbabwe te arresteer vir betreding en wat die land onwettig binnekom, en ook saakbeskadiging pleeg.

7. Indien die SAPD dus soos gedreig is boere in hegtenis wil neem nadat die betrokke boere wettige arrestasies gedoen het soos hierby uiteengesit pleeg die SAPD regsverydeling.

7.1 Deur dus in te meng met die wettige reg van 'n privaat persoon om iemand te arresteer pleeg so 'n polisiebeampte self 'n misdryf.

7.2 Indien so 'n boer gearresteer word is dit 'n onregmatige arrestasie en regsverydeling.

(Uit Ordenuus Junie 2008 – Dr. L G Curlewis)

**D A MAREE**

**Verbode immigrante uit Zimbabwe en burgerlike arrestasies.**

In die Beeld van 02/08/2007 het die hoofberig onder die opskrif "Polisie dreig boere op Zimbabwe grens".

Die kommissaris van Limpopo sê dat Messina boere nie burgerlike arrestasies mag uitvoer op onwettige immigrante nie.

1. 'n Privaat persoon kan iemand sonder 'n lasbrief in hegtenis neem wat 'n bylae 1 bedoelde misdryf in sy teenwoordigheid pleeg of poog om te pleeg of wat hy redelikerwys verdink dat hy so 'n misdryf gepleeg het.

2. Subartikel 42(3) kom daarop neer dat die eienaar wettige okkupeerder of persoon in beheer van die eiendom waarop of met betrekking waartoe daar gevind word dat iemand 'n misdryf pleeg iemand ('n privaat persoon) kan magtig om sodanige oortreder sonder 'n lasbrief in hegtenis te neem.

3. Indien verskillende boere met mekaar se wedersydse toestemming byvoorbeeld plaaspatrollies doen en mekaar gemagtig het om oortreders te arresteer wat hulle op die plase kry wat misdrywe gepleeg het word voldoen aan Artikel 42(3) van die Strafproses Wet.

4. Pleeg die oortreder nog 'n misdryf in die teenwoordigheid van die arresteerder het hy soveel meer regsgronde om die oortreder sonder 'n lasbrief te arresteer.

5. Bylae 1 misdrywe as ook onder andere:-

5.1 Inbraak by of betreding van 'n perseel, met die opset om 'n misdryf te pleeg.

5.2 Indien 'n persoon dus 'n boer se plaas betree met die doel om die grens oor te steek sonder 'n paspoort of gebruik van 'n doeane-pos en dus die land onwettig binnekom voldoen sy handeling aan bylae 1.

5.3 As die boer se drade geknip word is dit saakbeskadiging wat ook onder bylae 1 val.

5.4 **Belangrik** Betreding is 'n oortreding waarvoor gevangenisstraf vir langer as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word. Dit val dus ook onder Bylae 1.

6. Dus ons boere is by magte ingevolge Artikel 42 van Wet 51 van 1977 om oortreders uit Zimbabwe te arresteer vir betreding en wat die land onwettig binnekom, en ook saakbeskadiging pleeg.

7. Indien die SAPD dus soos gedreig is boere in hegtenis wil neem nadat die betrokke boere wettige arrestasies gedoen het soos hierby uiteengesit pleeg die SAPD regsverydeling.

7.1 Deur dus in te meng met die wettige reg van 'n privaat persoon om iemand te arresteer pleeg so 'n polisiebeampte self 'n misdryf.

7.2 Indien so 'n boer gearresteer word is dit 'n onregmatige arrestasie en regsverydeling.

(Uit Ordenuus Junie 2008 – Dr. L G Curlewis)

**D A MAREE**